

LAEVELD AGROCHEM

GR EI

Uitgawe 22: 2023 Herfs

GEWASBESKERMING

NIMITZ®: Revolutionêre aalwurmdoder

Breaking the life cycle: insect growth regulators

Soil disinfestation with Agrocetone NE

Five foundational steps to ensure success in biological control

Targeting mealybug with Eco-Bb®

TEGNOLOGIE

Grondklassifikasie bied 'n oplossing vir Wes-Kaapse gronde

Spuitskundigheid in die palm van jou hand



PICKLOGGER™
- a game changer

OES-OPTIMALISERING

Meet, verstaan, verbeter

The effects of water quality in irrigated agriculture

Nu-Film® vir beheerde tydspanne van landbouchemie

PLANTVOEDING

Energiebespuitings op sitrus

Koolhidraatontledings in avokadoboarde


Gevorderde groen chemie beheer

Sitrus sleep nie sewe sakke sout nie

Saam boer ons vooruit

GEWASBESKERMING | PLANTVOEDING | PRESISIEDIENSTE

www.laeveld.co.za



Bly op hoogte van nuutste innovasies, nuus en inligting.

Alles en meer oor oes-optimalisering
oesbeskerming, plantvoeding
en tegnologie.

www.laeveld.co.za/latestnews

Of skandeer hier >>



Laeveld



company/laeveld-agrochem



agrochemlaeveld



Laeveld Agrochem



www.laeveld.co.za



LAEVELD AGROCHEM GROEI 22

Inhoudsopgawe

- 2 Groete van Corné Liebenberg
- 4 Laeveld Agrochem network
- 5 Nuwe bestuurders en agente
- 6 Wen die oorlog teen snywurm
- 8 NIMITZ®: Revolusionêre aalwurmdoder
- 10 Hoe jou avokadoboord kan baatvind by koolhidraat-ontledings
- 14 Gevorderde groen chemie beheer van vroeë- en laat-roes op aartappels
- 18 Belangrikheid van energiebespuitings op sitrus
- 21 Home garden seed pack
- 22 Breaking the life cycle: insect growth regulators
- 24 Sitrus sleep nie sewe sakke sout nie
- 28 Five foundational steps to ensure success in biological control
- 31 Meet, verstaan, verbeter
- 34 Soil disinfestation with Agrocelone NE
- 36 Grondklassifikasie bied 'n oplossing vir Wes-Kaapse gronde
- 40 Testing of local saffron shows SA can compete with the best in the world
- 42 Spuitkundigheid in die palm van jou hand
- 44 Targeting mealybug with Eco-Bb®
- 47 BioCarb-K bekendstelling
- 48 Protecting crops takes careful planning
- 50 Gevorderde groen chemie beheer van sitruswartvlek
- 54 Education ensures food security
- 56 The "standing army" approach
- 60 The effects of water quality in irrigated agriculture
- 64 Topklas aktiewe bestanddele vir plaagbeheer in aartappels
- 66 Nu-Film® vir beheerde tydsperiode van landbouchemie op die plantoppervlak
- 70 Ontgin die onskatbare waarde van blou goud
- 73 Graanseisoen – wat is jou aksieplan vir 2023?
- 74 PICKLOGGER™ is a game changer
- 76 Difference between well-drained and poorly drained soils in mcs production
- 79 Genesis bied 'n hoë-energie gebalanseerde maaltyd
- 80 Foto's en nuus

REDAKSIE

Saamgestel deur die Laeveld Agrochem-span.

Redakteur: Corné Liebenberg.

Produksie: Liza van der Walt, BlueRed Design
en Jeanette Nel. Maart 2023.



© *Kopiereg.* Die publikasie en artikels bly die eiendom van Laeveld Agrochem.

Alle regte voorbehou. Alle publikasie navrae kan gerig word aan info@laeveld.co.za.

Die inligting in die tydskrif word in goeder trou na die beste van ons vermoë verskaf, maar die bedoeling is om inligting te deel en nie om aanbevelings te maak nie – enige kliënt moet altyd steeds sy/haar naaste Laeveld Agrochem-agent raadpleeg vir advies of aanbevelings.

GROETE VAN Corné Liebenberg



Bestel 'n Groentepak teen **R259** vir iemand, om so 'n eie groentetuin te vestig met vars groente vir altyd.
www.laeveld.co.za/saadpak



Beste vriende

So baie draai om die getal 3. Van die 3 varkies, die 3 musketiers al die pad tot by die 3 kruise op Golgota.

Hier volg 'n verhaal van 3 broers. Hulle was hardwerkend, bekende en gesiene boere in hulle distrik. Soos dit is, wissel hulle wysheid aansienlik van mekaar.

Die jongste broer is energiek en lief vir die lewe. Hy kan daagliks nie gou genoeg sy werk op die plaas voltooi sodat hy met die honde kan gaan speel en dan visvang nie. Sy leuse is, "met die bekware span werkers wat ons het, kan niks skeef loop nie."

Die middelste broer sê gereeld, "Hoe meer jy sweet, hoe meer sal jy hê om te eet!" Hy maak nie self planne nie, maar luister na ander se raad. Sy missie is om aan sy broers te bewys hoe goed hy kan onderhandel. Hy spandeer baie tyd om insetverskaffers se arms te draai vir die beste moontlike prys. Sy leuse is, "spaar soveel as wat jy kan, want so gaan jy ryk word."

Die oudste broer is beslis baie wys. Van jongs af het hy geleer jy hoef nie alles self te weet nie, weet net vir wie om te vra. Hy maak deurdagte besluite en is deurlopend besig om meer te leer. Hy leer baie by ander wat reeds die sukses-leer geklim het, en sy leuse is "n wiel hoef nie twee keer ontdek te word nie".

In die broers se weeklikse vergaderings word daar lekker gestry. Van nuwe gewasse tot produksiemetodes tot wat die beste trekker is. Maar veral as dit kom by die oudste broer se uitgangspunt van "goedkoop koop is duur koop". Dan waai die hare omtrent.

Die middelste broer wat homself ryk wil spaar, wil net altyd die goedkoopste koop. Hy besef nie dat jou duurste produk die een is wat nie werk nie. Die jongste broer wil net die maklikste oplossing hê, hy koop sommer by enige verskaffer wat produk in voorraad het. Hy wag nie vir die beter produk nie, wag is in sy opinie vir bome wat moet oud word.

Die oudste broer verduidelik dit soos volg aan sy twee broers: Waarom sal julle ons eie, ons families, ons werkers, ons vennote en ons kinders se toekoms op die spel plaas om on-deurdagte oplossings en produkte te gebruik? Wil ons gesien word as 'n goedkoop boerdery of een wie se kwaliteit bo gemiddeld staan met suksesse wat ver vooruit loop. Die hele jaar spandeer ons 'n fortuin aan arbeid, diesel, versekering, krag, voertuie, plantvoeding, dienste, en die lys van uitgawes hou net aan en aan.



Gaan die 1% of 2% wat ons dalk nou aan goedkoper oplossings spandeer, werklik die besparing regverdig indien iets dalk skeef loop? Die middelste broer wat gedryf word deur besparings is gou om uit te wys dat die goedkoop planne wel vorige jare gewerk het, en dat baie van die produkte maar eintlik uit dieselfde fabriek kom – net in 'n ander verpakking.

Die oudste broer sien hy gaan nie die argument wen nie. Hy sê toe dit is reg, hy sal inval by hulle besluit, maar vra hulle egter om 'n som te gaan maak van al hulle insetkoste vir die seisoen, met rentes, kostes van die grond, besproeiing en alle ekstras. Dan moet hulle die moontlike besparing van die "goedkoopste oplossing", wat meestal sonder enige diens en aanbevelings kom, en waarvan die verkoopsman gewoonlik weg is as daar moeilikheid is, gaan uitdruk as 'n persentasie van totale kostes.

Baie selde sal die besparing meer as 1% van die totale insetkoste wees. Hy los hulle toe met sy laaste woorde van wysheid. "Wil julle ons erfplaas, ons hele toekoms, alles wat ons opgebou het, almal wat na ons opkyk, en almal en alles wie se voortbestaan daarvan afhang dat ons suksesvol is, op risiko gaan plaas om miskien 1% te spaar?"

"Soveel te meer, wil julle regtig geld spaar of wil julle geld maak? Want dan sou ek glo verhoogde opbrengs, of selfs net die gemoedsrus van 'n verbeterde kans van verhoogde opbrengs, sou darem ook julle besluitneming beïnvloed."

Nietemin, ek los julle om mooi daaroor te besin, ek gaan vanmiddag bietjie saam met my Laeveld Agrochem oesoptimaliserings-spesialis visvang so-dan ons laas jaar se rekord-oes ordentlik kan vier."

Heel links:
Laeveld Agrochem se Nisboere is terug, moet dit nie misloop nie! Alle episodes is aanlyn beskikbaar met vindingryke Nis-praktyke vir volhoubaarheid.

Links:
Jan Willem Swanepoel en Corné het in Januarie 'n vergadering by die Wes-Kaapse Departement van Landbou bygewoon oor hoe om die plaaslike klein-boerdery-inisiatiewe die beste te kan ondersteun. Jan Willem is medeprofessor aan die Universiteit van die Vrystaat se Departement van Volhoubare Voedselsisteme en Ontwikkeling.




TOGETHER CULTIVATING SUCCESS

Laeveld Agrochem network

Laeveld Agrochem Depots

Western Cape = 17 Depots
Limpopo = 12 Depots
Free State = 10 Depots
Mpumalanga = 10 Depots
North West = 9 Depots
Eastern Cape = 9 Depots
Gauteng = 4 Depots
Northern Cape = 4 Depots

Map not to scale
Mar 2023



Juta Mentz
084 516 3677
Oostelike & Sentraal
Vrystaat



Ruan Lange
066 483 5277
Laeveld, Hoëveld
& Limpopo

Find your LAC agent near you
www.laeveld.co.za/agents

Besigheidsbestuurders Juta Mentz en
Ruan Lange het reeds in Augustus 2022
by LAC aangesluit.

LAC is trots om hulle as deel van die span
te hê en so ons ondersteuningsnetwerk
en diens nog meer uit te brei.

WELKOM

Nuwe bestuurders en agente

LAC is opgewonde om hierdie agente amptelik te verwelkom! Hulle het oor die
laaste jaar by LAC aangesluit as volwaardige franchisees en is reeds volspoed
werkzaam in hulle areas.



Jacques Marais
Villiersdorp
083 652 0423



Juan Language
Kwagga
078 917 4677



Arno Stoffberg
Riebeek-Wes
082 961 6108



Wihann Steyn
Robertson
072 583 1587



Leonard Starfield-Ward
Nelspruit
072 882 4333



Carl van Heerden
Tarlton
072 341 6087



Divan van Zyl
Wellington
061 201 2954



Gert Koch
Vredendal
071 105 3226



Xander van der Walt
Levubu
071 882 0905



JP de Villiers
De Doorns
083 704 0158



Marno Erasmus
Addo
083 300 5854



Wen die oorlog teen snywurm

Die gewone snywurm (Agrotis segetum) is 'n pes op mielies wat al hoe meer produsente met hul hande in hul hare laat. Dit blyk of daar nie effektiewe oplossings is om dié pes se getalle in bedwang te hou nie.

Ontmasker die skelm wat snags tussen ons mielies rondkruip

Die snywurm is 'n lid van die *Noctuidae*-familie van *Lepidoptera* (motte en skoenlapper orde) en ontwikkel dus van eier na larf na papie en volwasse mot.

Die eerste motte verskyn gewoonlik teen die middel van Augustus en die wyfies vlieg snags rond op soek na geskikte materiaal om eiers in te lê. Winteronkruid en opslagplante is 'n ideale teiken indien dit beskikbaar is en gee die larwes genoeg voeding om verder te ontwikkel.

'n Enkele wyfie kan 'n magdom eiers op die grond en plante lê en hierdie eiers neem ongeveer sewe dae om uit te broei.

Wanneer die larwes nog klein is, voed hulle bo-op die grond, maar na hul tweede vervelling beweeg hulle onder die grond in en kom net snags uit om te voed. Oor 'n tydperk van omtrent twee weke ontwikkel die larwes tot papies. Die tweede vlug van motte vind aan die einde van Oktober plaas. Hierdie is die generasie motte wat 'n gasheer soek en vir wie ons mielie-aanplantings 'n smaaklike opsie is.

Gevegsplan

Sonder voorsorgmaatreëls kan ons nie die stryd teen snywurms wen nie, en daarom is winterbewerking en onkruidbeheer noodsaaklik.

- Winterbewerking en onkruidbeheer (ten minste 35 dae voor plant) ontnem die motte van beide voedsel en plekke om eiers te lê.
- Die meganiese bewerkingsaksie beseer die papies en larwes wat reeds in die grond teenwoordig is en verminder hulle kanse om uit te broei of te oorleef drasties, veral in Augustus en September.
- Die bewerking kan ook larwes en volwassenes na die oppervlak bring waar hulle maklike teikens word vir tarentale, predatoriese insekte en ander voëls.
- Sonder 'n bogrondse voedselbron sal die larwes wat in die grond is uithonger en dit verhoed dat die volgende geslag ontwikkel om mielies te teiken.
- Winterbewerking en onkruidbeheer is verder noodsaaklik om populasie-opbou te voorkom en verdere beheerpogings makliker en meer suksesvol te maak.
- Aangesien die motte van plaas tot plaas kan vlieg, is dit belangrik dat aangrensende plase dieselfde beginsels vir effektiewe beheer toepas.

Indien dit nie moontlik is om hierdie maatreëls te volg nie, moet 'n gifaas gestrooi word voor of met plant om getalle af te bring. Siende dat die larwes mielies bo die aas verkies, moet die aas toegedien word voor die mielies opkom.

Gustav Venter en
Desiree van Heerden

syngenta®



Ons geheime wapen ... KARATE ZEON® 10 CS

Met plant kan ons ons geheime wapen ontplooi: KARATE ZEON® 10 CS, 'n sintetiese piretroïed met 'n vinnige uitklopaksie en unieke formulاسie. Vir toedienings om so effektief moontlik te wees, moet ons die produk verstaan.

- KARATE ZEON® 10 CS is 'n kontakmiddel. Die aktief dring die larf se wasagtige huidlaag vinnig binne en ontwig die senuweestelsel. Natriumvrystelling word belemmer en spiersametrekkings kom voor, gevolg deur disoriëntering. Die larf hou op voed, waarna eers verlamming en dan dood intree.
- Gewoonlik breek piretroïedes vinnig af onder UV-bestraling. KARATE ZEON® 10 CS het egter 'n ingeboude sonskerm wat dit teen UV-bestraling beskerm, terwyl die geënkapsuleerde tegnologie – die aktiewe bestanddeel word deur baie klein polimeerkapsules omsluit – verseker dat die aktief stadiger afbreek.
- Die produk beskik ook oor 'n anti-voeding en afwerende eienskap wat motte verhoed om eiers te lê en die verdere voeding van larwes, veral jongelinge wat snags en bedags bogronds voed, beperk.
- Die produk is stabiel in water met 'n suur en neutrale pH, en lewer beter werking teen laer temperature as gevolg van die natuurlike werking in fisiologiese sisteme. Dit is reënvas na afdroging.

Gebruik die regte ammunisie

Vir goeie werking is dit uiters belangrik om die KARATE ZEON® 10 CS produk etiket deeglik deur te lees en al die voorskrifte na te kom:

- Grond moet goed voorberei word en sonder kluite en oortollige plantreste wees wat as skuilplek vir die wurms kan dien en kontak met die produk verhoed.
- Dien SLEGS toe wanneer die boonste 3 cm van die grond vogtig is. Vogtige bogrond verseker dat die snywurms saans na die oppervlak sal beweeg en sodoende in aanraking kom met die produk.
- Onder minimum bewerkingspraktyke is snywurmgetalle gewoonlik hoog. In sulke situasies moet die snywurmpopulasie na die eerste bespuiting gemonitor word. Indien nodig moet 'n opvolgbespuiting toegedien word. Gebruik KARATE ZEON® 10 CS as 'n algehele korrektiewe toediening teen die aanbevole dosis.

Toerusting moet ook gekalibreer wees en die regte watervolume moet neergesit word teen die korrekte pH. Water moet skoon wees. Neem ook in ag dat verskeie faktore die verwagte beheer kan beïnvloed. Dit sluit in hoë temperature, wolklose sonskyndae, winde wat die bogrond wegwaai, onbeskermdes produkte

wat bo-op die grond lê, lae vog in die grond, buitensporige hoë snywurmpopulasies en lande wat vol onkruid is voor plant.

Chemiese middels moet net gebruik word waarvoor hulle ontwerp is. Indien ons die regte aanvalsplan volg, staan die vyand geen kans nie.

LEES DIE ETIKET VAN ELKE PRODUK VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE
KARATE ZEON® 10 CS bevat lambda-sihalotrien (Reg. Nr. L9023, Wet Nr. 36 van 1947). SKADELIK. KARATE ZEON® 10 CS is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groepmaatskappy. Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak X60, Halfway House, 1685. Tel: 011 541 4000. ©Syngenta Ag, 2000. Alle ongemagtigde reproduksie word verbied.

NIMITZ®: Revolutionêre aalwurmdoder

NIMITZ® is 'n innoverende aalwurmdoder wat fluensulfoon bevat. Dit bied uitsonderlike verrigting vir die beheer van knopwortel-aalwurms (*Meloidogyne spp.*). Binne een uur ná kontak hou aalwurms op voed. Algehele vrekke van alle aktiewe stadiums van die aalwurmliewensiklus word na 72 uur bereik. NIMITZ® het ook 'n baie gunstige toksikologiese profiel.

Innovering

- Unieke metode van werking.
- NIMITZ® vernietig die teiken op kontak deur permanente verlamming en dood te veroorsaak.

Verrigting

- Navorsingsdata van meer as 1 000 praktiese proefnemings bewys NIMITZ® keer oesverliese weens selfs die mees uitdagende aalwurmbevolgings.
- NIMITZ® bied uitstekende wortelbeskerming.

Veiligheid & volhoubaarheid


- Voordelige grondorganismes word nie beskadig nie.
- Versoenbaar met biobeheer-agente.
- Veiliger vir die gebruiker en die omgewing.

Hoekom NIMITZ®?

NIMITZ® se aktiewe bestanddeel – fluensulfoon is uniek. Die manier van werking verskil heeltemal van ander aalwurmprodukte op die mark. Daar is geen kruisweerstand met ander aktiewe nie. Alhoewel die presiese manier van werking nog ontbreek, kan met sekerheid gesê word dat die energiegewende prosesse en organelle in aalwurms buite aksie gestel word.

NIMITZ® verhoed ook dat die eiers van aalwurms uitbroei. Dit verlaag sodoende die aanvanklike populasie wat later in die seisoen probleme kan veroorsaak. Daarom moet dit voor plant toegedien word.


Raadpleeg die NIMITZ®-etiket vir voorsorgmaatreëls en ander belangrike aanwysings.



Deur knopwortel-aalwurms te beheer, ondersteun NIMITZ® die groei van:



Laeveld Agrochem is die nasionale verspreider van NIMITZ®



Figuur 1: NIMITZ®-behandeling voor plant gee langdurige effek a.g.v. eierdodende eienskappe.

Eienskappe en voordele


- Uitstekende beheer van belangrike aalwurmplae in verskillende gewasse.
- Ware aalwurm-dodende aksie en nie bloot aalwurm-verlammend nie.
- Na kontak met NIMITZ® is die effek permanent selfs al beweeg die aktief uit die kontaksonne.
- Nie tot op hede onderhewig aan verhoogde degradering soos organofosfaat- en karbamaataalwurmdoders nie.
- Versoenbaar met geïntegreerde plaagbestuur.

- Gemaksimaliseerde potensiaal van gewasse en groter opbrengs vir boere.
- Geen belegging in bykomende toedienings-toerusting nodig nie.
- Vertroue dat doeltreffende aalwurmbeheer nou en in die toekoms bereik sal word wanneer in 'n doeltreffende beheerstrategie gebruik word.
- Hoogs doeltreffend teen vatbare aalwurms, maar met minimale impak op nie-teiken spesies.

Doeltreffendheid

NIMITZ® is sedert 2007 oor die wêreld heen grondig getoets. Duisende proefnemings is gedoen, van toetse in petribakkies in laboratoria tot kweekhuis-, pottotetse, klein plot-gerepliseerde- en volskaalse-veldtoetse.

In veldtoetse het NIMITZ® konsekwent gelyk of beter aalwurmbeheer getoon wanneer dit met die geregistreerde standaard aalwurmdoders of -berokingsmiddels vergelyk is.



Figuur 2: Kwaliteitsverskille waar NIMITZ® gebruik was.

In baie toetse het die beter aalwurmbeheer wat deur NIMITZ® bereik is, 'n beduidende toename in opbrengs tot gevolg gehad. In aartappels is gevind dat die kwaliteit en grootte verspreiding ook meer gunstig was.

NIMITZ®: Aktiewe bestanddeel fluensulfoon (heterosikliese fluoroalkenielsulfoon) | Reg nr. met verwysing na Wet 36 van 1947: L10436 | Adres van registrasiehouer: Jip de Jagerlaan 99, The Vineyards-kantoorlandgoed, Simeka House, De Bron 7530, Suid-Afrika. NIMITZ® is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.

Hoe jou avokadoboord kan baatvind by koolhidraatontledings

Koolhidrate as fisiologiese indikator van plantstatus

Die gebruik van koolhidraatontledings om plantprestasie te bestudeer is 'n gevestigde praktyk in die navorsingsomgewing (Wolstenholme, 1987; Whiley *et al.*, 1988; Davie *et al.*, 1995). Die keuse van die mees gepaste weefsels/ organe vir koolhidraatinligting, asook die dinamika van die suiker:stysel-verhouding gedurende die seisoen en die effek daarvan op plantfisiologie en bestuurspraktyke, is deur menige gepubliseerde artikels nagevors.

Met Agri Technovation se ITEST™CARBOHYDRATES-diens word dit wat die wetenskap tot dusver verklaar het, toegepas vir oplossings op plaasvlak. Met hierdie diens integreer ons bestaande inligting om bestuurspraktyke op boordvlak aan te pas, kwantifiseer ons die resultate daarvan deur middel van 'n koolhidraatindeks ("CI") en dui ons die toekomsverwachting vir spesifieke gewasse aan met behulp van 'n fisiologiese indikator (die CI).

Bewese verwantskappe tussen koolhidraatstatus en plantprestasie

Wolstenholme (1987) en Whiley *et al.* (1988) het reeds aangedui dat 'n lae koolhidraatstatus in die avokadoplant direk verantwoordelik is vir swak vrugset, stadige vroeë vruggroei en vrugval.

By avokado's word koolhidrate hoofsaaklik in die blare vervaardig en in die lente, vanaf ongeveer 25 dae na knopbreek, begin die nuwe blare bydra tot die plant se koolhidraat-

reserwes (Lui *et al.*, 1999). Alvorens dan is die groei van nuwe blare afhanklik van die koolhidraatreserwes in ouer blare, lote, die stam en wortels.

Fotosintese

Fotosintese, aldus die vervaardiging en beskikbaarheid van koolhidrate vir plantprestasie, word deur verskeie faktore bepaal. In die beskrywing hier onder word die fokus veral op twee faktore geplaas naamlik *klimaat* en *kultivar*. Die seisoenale koolhidraattendens in 'n plantorgaan volg 'n redelike standaard patroon, maar individuele waardes verskil tussen kultivars, klimaatsones, oeslandings en dies meer.

'n Algemene tendens, dié van lae middel-somer en hoë laat-winter koolhidrate, is in die koel, droë binneland van Suidoos-Australië waargeneem en in verband gebring met alternerende drag. Hoë koolhidraatvlakke in stoororgane (byvoorbeeld die stam, lote en wortels) het gelei tot 'n sogenaamde aan-jaar en lae vlakke, tot 'n af-jaar. Hierdie waarneming het gelei tot belangstelling in die ontwikkeling van 'n koolhidraatindeks wat gebruik kon word om oeslading te voorspel.

Goeie resultate is behaal met voorspellings vir die Hass en Fuerte kultivars in koeler streke, tipies met 'n Mediterreense klimaat. Hierdie resultate sal ook van toepassing wees op ander avokado-tipes. Voorspellings was egter minder akkuraat in warmer areas, welke resultaat die impak van addisionele faktore

Dr Elmi Lötze, Hoof van ITEST™CARBOHYDRATES en ITEST™LEAF en Wilmé Brown, Plantfisioloog (Koolhidrate)



soos blomvorming en die rol van voeding en gesonde wortelontwikkeling op voorspellings uitgewys het. Die Hass-oeslading is in verband gebring met stamstysels en lootstysels tydens blom. Daar is later ook melding gemaak van die sogenaamde Whiley Feno-Fisiologiese model, maar hierdie modelle is nie verder ontwikkel nie.

In die subtropie (meer humiede omstandighede en bewolkte dae) word daar vir koolhidraatproduksie eerder gefokus op die optimalisering van fotosintese van die huidige blaardak, asook die optimale bestuur van ligverspreiding binne in die bome. Die Fuerte kultivar byvoorbeeld, is minder afhanklik van koolhidraatreserwes vir die handhawing van 'n oeslading as die Hass, maar is meer afhanklik van die huidige seisoen se blaarkoolhidrate in die subtropie (Schölefeld *et al.*, 1985).

Om hierdie rede is dit belangrik dat koolhidraatresultate van avokado-variëteite altyd binne die toepaslike konteks geïnterpreteer moet word en dat gelet moet word op genetiese verskille in sekere omstandighede, al is die inligting op al die variëteite van toepassing. In beide voorbeelde genoem is die teenwoordigheid van gesonde, aktiewe blare dus van uiterste belang en speel minerale plantvoeding, pes en plaagbeheer, besproeiing en die bestuur van lig binne-in die boom 'n kritiese rol.

Verwysings:

1. Liu, X., Hofshi, R. and Arpaia, M.L., 1999. 'Hass' avocado leaf growth, abscission, carbon production and fruit set. In: M. L. Arpaia and R. Hofshi (eds.), *Proceedings of Avocado Brainstorming. Session 3. Canopy Management*. Pages 52-55. October 27-28, 1999. Riverside, CA. Hofshi Foundation. <http://www.avocadosource.com>.
2. Schölefeld, P. B., Sedgley, M. and Alexander, D. McE., 1985. Carbohydrate cycling in relation to shoot growth, floral initiation and development and yield in the avocado. *Scientia Hort*, 25, 99 - 100.
3. Whiley, A.W., Saranah, J.B. and Rasmussen, T.S., 1996. *The relationship between carbohydrate levels and productivity in the avocado and impact of management practices, particularly time of harvest*. HAL final report.
4. Wolstenholme, B.N. 1987. Root: shoot: fruit interactions as factors affecting recovery of avocado trees treated with phosphorous acid. In: *The Phosphorous Acid Story*. Queensland D.P.I. RON 87001, pp. 12 - 2.
5. Whiley, A.W., Saranah, J. B., Cull, B.W. and Pegg, K. G., 1988. Manage avocado tree growth cycles for productivity gains. *Queensland Agric J*, 114, 29 - 36.

Onderstamme

Die onderstam van avokado's speel ook 'n groot rol in die opbou van koolhidrate in die onderskeie plantorgane (Whiley *et al.*, 1996). Die koolhidraatindeks kan dus verskil tussen verskillende kultivars onder dieselfde verbouingspraktyke, as gevolg van verskillende onderstamme.

Koolhidrate en vruggroei

Verder bestaan daar 'n noue verwantskap tussen koolhidrate en blomknop-inisiasie, vrugset, vrugval en vrugkwaliteit (Davie *et al.*, 1995; Van Vuuren *et al.*, 1997). Lae koolhidraatreserwes tydens vrugset en -ontwikkeling lei tot verhoogde vrugval (Davie *et al.*, 1995).

Lae koolhidraatreserwes na oes lei tot lae blominisiasie asook swak blom en vrugset die daaropvolgende jaar. Hierdie uitdagings kan tipies met bestuurspraktyke aangespreek word voor die aanvang van die volgende seisoen, mits die koolhidraatstatus van die boom/orgaan beskikbaar is. By avokadobome is daar veral gedurende die eerste 42 dae na knopbreek strawwe kompetisie tussen vegetatiewe en reprodutiewe groei waar hierdie organe meeding om die beskikbare koolhidrate in die plant. 'n Goeie koolhidraatstatus onder normale omstandighede sal vrugval beduidend verminder. >>

Hoe jou avokadoboord kan baatvind by koolhidraatontledings vanaf vorige bladsy

Vir meer inligting of vir advies kontak Agri Technovation of jou Laeveld Agrochem-agent.

Bestuurspraktyke vir avokadobome met lae koolhidraatstatus

Bestuursaksies beïnvloed die koolhidraatstatus van die boom en daar is verskeie praktyke wat toegepas kan word ten einde vroegetydig op onvoldoende koolhidraatvlakke te reageer.

Minerale voedingstowwe

Eerstens word die voedingstatus van die blare bepaal, aangesien dit 'n direkte en/of indirekte invloed het op fotosintese en die translokasie van suikers in die boom. Verwantskappe tussen die minerale elemente wat vir die vervoer van suikers verantwoordelik is, en die boom se koolhidraat-status (suiker-status), word bepaal ten einde die nodige tekorte aan te dui, wat dan met doelgerigte blaarspuitte reggestel word. Die blare moet ook deurentyd visueel gemoniteer word om seker te maak dat voldoende gesonde blare teenwoordig is vir die optimale produksie van suiker tydens fotosintese.

Waar die vervaardiging en/of verspreiding van suiker in 'n plant (met ander woorde die lae koolhidraatstatus) nie deur tekorte in minerale voedingstowwe veroorsaak word nie, kan ander bestuurspraktyke toegepas word om die lae koolhidraatstatus aan te spreek.

Ringelering

Alhoewel ringelering nie 'n praktyk is wat gereeld by avokado's gebruik word nie, kan die gebruik daarvan wel die translokasie van koolhidrate na die wortels op 'n spesifieke tyd afsny of onderbreek, wat tot 'n verhoging in koolhidraatvlakke bokant die ringeleringswond sal lei. Ringelering kan dus gebruik word om voldoende suiker- en styselvlakke tydens 'n energie-intensiewe periode soos blom te verseker, ten einde vrugset te verhoog.

ITEST™ CARBOHYDRATES bepaal ook die koolhidraatvlakke in plantwortels, waar lae vlakke kan dui op verhoogte vatbaarheid vir sekondêre



infeksies. Wortelinfeksies put die boomwortels se koolhidraatreserwes uit en, indien hierdie uitputting sou oorvleuel met 'n hoë oeslading, kan dit lei tot die terugsterwing en verswakking van bome. Bome met lae koolhidraatvlakke in die wortels moet dus nie oorweeg word vir ringelering nie, aangesien ringelering die koolhidraatstatus van die wortels verder sal verlaag, wat uiteindelik ook die bogrondse groei sal benadeel.

Verlengde hangtyd en oesbeplanning

Avokado's kan nog vir 'n geruime tyd aan die boom hang nadat dit fisiologiese rypheid bereik het. Hierdie voordeel word gereedlik deur produsente benut vir doeleindes van bemarking en om 'n behoefte in die mark te skep. Die vrugte gebruik egter steeds koolhidrate uit omliggende weefsels aangesien seldeling en respirasie (vruggroei) voortgaan. Hierdie addisionele tyd aan die boom lei dus gewoonlik tot 'n lae koolhidraatstatus in die boom en kan alternerende drag in die daaropvolgende seisoen tot gevolg hê. Ten einde hierdie risiko te verhoed, kan 'n koolhidraatmonster vooraf geneem en ontleed word wat die blokke sal uitwys waar die suiker:stysel-vlakke reeds laer is.

Avokadovrugte in hierdie blokke moet dan verkieslik nie vir 'n verlengde tyd hang nie. Die blokke kan eerste geoes word om so die ingrypende alternerende dragspatroom betyds teë te werk. Koolhidraatontledings in die blokke wat laat hang kan verder aandui tot watter mate regstellings gedoen moet word en/of hoe suksesvol die regstellings was om die koolhidraatstatus van die boom aan te spreek.

Monsterneming vir koolhidraatindekse

WANNEER MONSTERS GENEEM MOET WORD:			
1 ^{ste} Blaarmonster	2 ^{de} Blaarmonster	3 ^{de} Blaarmonster	4 ^{de} Blaarmonster
1 ^{ste} Wortelmonster	2 ^{de} Wortelmonster		
Blomkoolstadium	2 Weke na vrugset	4 – 6 Weke voor tweede vrugval	Blominisiasie

Koolhidraatmonsters word tydens spesifieke fisiologiese stadia (kritiese aksietye) gedurende die seisoen geneem om betyds die behoefte aan te dui en die nodige regstellings te kan maak. Die onderskeie stadia en dienoreenkomstige gebruik van die CI word hieronder uiteengesit.

FISIOLOGIESE STADIUM	KOOLHIDRAATINDEKS
Blomkoolstadium	Tydens hierdie stadium dui die koolhidraatindeks van blare die beskikbare energie vir blomontwikkeling en vrugset aan.
2 Weke na vrugset	Die wortelkoolhidraatindeks word gebruik om wortelgesondheid aan te dui, terwyl die blaarkoolhidraatindeks die potensiële vruggroei en vrugval aandui.
4-6 Weke voor die tweede vrugval	'n Blaar- en wortelkoolhidraatindeks word gesamentlik geïnterpreteer om die vrugval-risiko te bepaal, aangesien kleiner vrugte, vanweë 'n laer sink-sterkte en ook waar verlaagde koolhidraat-translokasie na die vrugte voorkom, meer geneig is om te speen.
Blominisiasie	'n Blaarkoolhidraatindeks tydens hierdie stadium dui die blom-potensiaal van die volgende seisoen aan. Hoë koolhidraatvlakke dra by tot goeie blominisiasie aangesien vegetatiewe en reprodutiewe groei sterk kompeteer vir die beskikbare metaboliete gedurende hierdie stadium. Koolhidraattekorte kan direk lei tot swak opvolgblom en dus ook opbrengs.

Koolhidraatontledings bied dus verskeie voordele aan die produsent. Ontledings gedoen tydens al bogenoemde stadia verskaf eerstens 'n historiese-fisiologiese perspektief op omgewingstoestande en boordpraktyke tot en met monsterneming.

Daarbenewens kan die ontledingsdata benut word om tydige bestuursaksies te beplan

ten einde 'n lae koolhidraatstatus betyds aan te spreek. Laastens kan die koolhidraatindeks by sekere gewasse gebruik word om oesladings te voorspel.

Met al hierdie voordele verpak in een instrument, behoort ITEST™ CARBOHYDRATES-ontledings beslis deel te vorm van 'n produsent se besluitnemingsproses.

6. Davie, S.J. van der Walt, M. and Stassen, P.J.C., 1995. A study of avocado tree carbohydrate cycles to determine ways of modifying alternate bearing. *proceedings of The World Avocado Congress III*, 1995 80-83.
7. Janse van Vuuren, B. P. H., Stassen, P.J.C. and Davie, S.J., 1997. *South African Avocado Growers' Association Yearbook 1997*. 20:59-62 Sink Demand for Starch Reserves in Avocado Trees.

Gevorderde groen chemie beheer van vroeë- en laat-roes op aartappels

Cloete Rossouw en
Jonathan Etherington



Vroeë-roes (*Alternaria solani*) en laat-roes (*Phytophthora infestans*) op aartappels is een van die grootste uitdagings wat ons produsente in die gesig staar as dit by die verbouing van kwaliteit aartappels kom. Wêreldwyd is vroeë- en laat-roes die mees prominentste probleem wat talle aartappelboere in die gesig staar.

Om hierdie geharde siektes hok te slaan, word verskeie swamdoders om die beurt gebruik. Dit het nie altyd die gewenste siektebeheer nie en laat ook soms residue agter.


Hiervoor het ons by MBFi groen chemie tegnologie ontwikkel om hierdie siektes suksesvol te bekamp. Hierdie groen chemie tegnologie word vervat in ons Agri-Cure SP-swambeheermiddel.

Agri-Cure SP is 'n hoogs effektiewe kontak swambeheermiddel met beide swamdodende en swamwerende eienskappe. Agri-Cure SP lewer ook goeie genesingseienskappe wat gevestigde infeksies sal veroorsaak. Groen chemie is die beste antwoord op die wêreldwye regulering van plaagbeheerresidue in die voedselsektor.

Hierdie groen chemie is effektief om geteikende siektes te beheer en goeie nawerkingstye te gee sonder residue.

Agri-Cure SP is 'n AAV-aktief (Algemeen Aanvaar as Veilig) wat beteken dat Agri-Cure SP 'n 0-dag weerhouingsinterval het. Die halfleeftyd van Agri-Cure SP op die plant hang af van verskeie omgewingstoestande, maar die aktiewe bestanddeel het byna 25 dae se aktiwiteit op die gewas.

Agri-Cure SP is 'n kombinasie van metaal-bikarbonaat, bevochtigingsmiddels en deurnattingsmiddels. Die aktiewe bestanddeel, kaliumbikarbonaat, is aan die einde van 2021 deur die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling vir gebruik as 'n swamdoder onder Wet 36 van 1946 geregistreer.



Links: Waar kom die metielgroepe in die waslaag voor?
Op die lug-/blaarintervlak op 'n mikroskopiese skaal.

Hoe werk Agri-Cure SP?

Met Agri-Cure SP het ons kontak en genesende swamdodende eienskappe as gevolg van sy veelvuldige werkingswyses. Die swamdodende en swamwerende werking is as gevolg van vyf afsonderlike werkswyses:

1. Hipertoniese dehidrasie


Hipertoniese dehidrasie werk om die patogeen en spore te laat afsterf (swamdodend). Alle selle verkies om in 'n toestand van ewewig met hul omgewing te wees, waar die osmotiese druk in die sel gelyk is aan dié van hul omgewing (isotoniese toestand). In hierdie toestand is daar geen beweging van water in of uit die sel nie. Agri-Cure SP skep 'n hoë osmotiese druk op die blaarooppervlak in die omgewing van die sel wat lei tot die beweging van water uit die patogeen en spore wat seldehidrasie tot gevolg het. Deur die sel te dehidreer is daar geen lewenskragtigheid meer in die sel oor nie.

2. Osmotiese gradiëntversteuring

Onder gunstige omgewingstoestande ontkiem swamspore. Tydens hierdie proses absorbeer die spoor water deur sy wand om groei te bewerkstellig. Die selwand groei aanvanklik as 'n sferiese struktuur en vanaf die wand van die spoor bult 'n kiembuis uit.

By die groeipunt strek die selwand voortdurend om 'n lang hipale buis te produseer. Die sitoplasma binne in die apikale sone is gevul met talle organelle. Vir hierdie wandvesikels om die selwand te bereik is sitoplasmiese beweging van kritieke belang.

Sitoplasmiese beweging is afhanklik van 'n osmotiese-potensialgradiënt binne in die hifes. Na Agri-Cure SP se toediening is die osmotiese druk aan die buitekant van die hifes groter as die osmotiese gradiënt wat in die hifes is. Dit lei tot die versteuring van die hipale groei en spoorontkieming (swamwerend).



Figuur 1: Die reaksie tussen kaliumbikarbonaat en die waslaagmetielgroep om metielbikarbonaat te vorm.

3. Die effek van Agri-Cure SP op pH

Die interne en eksterne pH-vlakke beïnvloed verskeie belangrike strukture en funksies van swamme. Streng beheer van sitosoliese en organel pH is van kritieke belang vir lewensvatbaarheid van selle. Swampatogene verkies meestal 'n suur omgewing, want by hoë pH-vlakke word proteïene en ensieme afgebreek. Lipiede (vette, olies en hormone) word ook gehidroliseer, sowel as DNS-bindings word gedissosieer. Agri-Cure SP verskuif die pH-balans na 8.4 wat die metabolisme veranderende ringe in 'n swampatogeen veroorsaak en groei staak (swamwerend).

4. Metielkarbonaatfilm

Sodra Agri-Cure SP in kontak kom met die oppervlakte van 'n betrokke plantgewas, sal die produk met die gewasoppervlakte begin reageer soos 'n blaarvoeding. Die reaksie vind plaas tussen die kaliumbikarbonaat in Agri-Cure SP en die ontblote metielgroepe van die waslaag op die lug-/blaarintervlak van die plant. Die reaksie wys in Figuur 1.

Deur die reaksie word die metielgroep gekarboniseer en die bikarbonaatioon word in die hidrofobiese waslaag geïntegreer. Nie net het dit 'n voordeel vir reënvasheid nie, maar verduidelik ook die aanhoudende werking van Agri-Cure SP tot en met 25 dae na toediening. Die reaksie neem 12 ure om te voltooi. Die geïntegreerde bikarbonaatioon veroorsaak dan dat die plantoppervlak se polariteit meer negatief word wat dan 'n natuurlike swamafweereienskap tot gevolg het aangesien meeste swamspore ook negatief gelaaie is. >>

Beheer van vroeë- en laat-roes op aartappels vanaf vorige bladsy

5. Die antimikrobiese bymiddels van Agri-Cure SP

Die byvoegmiddels wat bevogtiging en deurnatting bewerkstellig het ook die vermoë om mikrobies op die plantoppervlak te onderdruk.


Die byvoegmiddels bestaan uit oppervlak-aktiewe chemikalieë (*surfactant*) wat deur die selmembraan van mikrobies kan penetreer en sodoende die selwand laat lek.

Veldproefdata van Agri-Cure SP


Vroeë-roes:

In ons veldproewe die afgelope paar seisoene in Polokwane en Christiana het ons Agri-Cure SP op die proef gestel teen die vernaamste opposisie dithiokarbamate.


Hierdie proewe teen hewige kompeterende chemikalieë het vir ons gewys dat ons groen chemie tegnologie in Agri-Cure SP kop en skouers bo die res in die industrie uitstaan. Die volgende proefresultate skets die resultate teen vroeë-roes, sien Grafiek 1.



Figuur 2: Die penetrasie van AgriCure SP se oppervlak-aktiewes deur die selmembraan. Veldproefdata van Agri-Cure SP.



Grafiek 1: Beheer van vroeë-roes op aartappels deur Agri-Cure SP.



Grafiek 2: Beheer van laat-roes op aartappels deur Agri-Cure SP.



Links kan die visuele effekte gesien word waar eerstens Agri-Cure SP teen 2.5 kg/ha, tweedens Agri-Cure SP teen 5 kg/ha en derdens dithiokarbamate teen 2 kg/ha aangewend word teen laat-roes (*Phytophthora infestans*) op geïnokuleerde aartappelblare.

Hieruit word afgelei dat Agri-Cure SP goeie werking toon teen laat-roes (*Phytophthora infestans*) teen die lae aanbeveelde dosis, en wanneer die hoë dosis van Agri-Cure SP toegedien word, die werking ook toeneem.



Links word eerstens die invloed van Agri-Cure SP as plaasvervanger van kontak standaard aktiewes tans in die veld gebruik in 'n spuitprogram uitgebeeld (Standaard 1), tweedens (Standaard 2), derdens (Agri-Cure SP).

Die bogenoemde data toon duidelik aan dat die groen chemie alternatief wat MBFi bied kan kers vashou met die harde chemie wat die industrie tans gebruik.

Hierdie resultate wys die uitstekende sinergistiese werking tussen die uitklop- en kontak-aksie van Agri-Cure SP.

Die hipertoniese dehidrasie en metiel-karbonaatfilm se vorming van die Agri-Cure SP verseker dat enige infeksie van vroeë- en laat-roes onmiddellik in die kiem gesmoor word. Goeie sinergistiese werking tussen innoverende groen chemie tegnologie verseker optimale prestasie en vir ons boere die beste patogeenbeheer.

Agri-Cure SP - AI: 850 g/kg kaliumbikarbonaat - Reg Nr.: L 8549 Wet 36 van 1947 - Geregistreer en handelsmerk van N Laboratories (Pty) Ltd - bemark en versprei deur MBFi (Pty) Ltd.

Belangrikheid van energiebespuitings op sitrus



Volgens die *Citrus Growers' Association of South Africa* se 2021/2022 verslag, was Suid-Afrika die wêreld se tweede grootste uitvoerder van vars sitrus gedurende die 2020/2021 asook 2021/2022 seisoene (CGA, 2021).

Suid-Afrika se sitrusbedryf speel 'n belangrike rol in beide die ekonomie en die landbousektor van die land. Dit is dus van groot belang dat produsente bewus moet wees van die voorsorgmaatreëls wat getref kan word om die eksterne faktore wat produksie kan beïnvloed, effektief te bestuur. Een van hierdie voorsorgmaatreëls is energiebespuitings in Maart.

Waarom kort die plant energie in Maart?

Die blominduksie-periode in sitrus neem middel-Maart in aanvang en duur tot ongeveer einde-Junie. Waar suksesvolle blominduksie plaasgevind het, ontwikkel die maksimum aantal vrugte per boom. Bome speen vrugte as gevolg van omgewingsfaktore, asook vanweë 'n wanbalans in die boom se energiestatus. Tydens vrugvergroting en rypwording word hoë energievlakke benodig om 'n goeie oes

te verseker. Sitrusbome gebruik beskikbare energie in die vorm van suiker en stoor koolhidrate as reserwebron van energie.

Tydens 'n suksesvolle seisoen (van blom tot oes) word beide die beskikbare en reserwe energiebronne gebruik. Wanneer die reserwebronne uitgeput word (gewoonlik tydens vrugvergroting en rypwording) en hierdie "energie" nie vervang word nie, kan die bome 'n alternerende drag siklus betree en opvolgende opbrengste daardeur beïnvloed. Hierdie risiko beklemtoon die noodsaaklikheid van die toediening van energie-blaarvoedings gedurende Maart – met ander woorde, alvorens die aanbreek van die blominduksie-periode.

Wat is alternerende drag?

Alternerende drag verwys na die verskynsel waar bome siklies van 'n swaar opbrengs jaar (aan-jaar) na 'n ligte opbrengs jaar (af-jaar) beweeg. Oor die algemeen word 'n af-jaar gekenmerk deur 'n lae blomintensiteit ('n verminderde aantal blomme), wat lei tot 'n lae opbrengs en hoë vegetatiewe lootgroei.

Johan de Vries
Snr Hortoloog (Sitrus en Tafeldruiwe)



'n Aan-jaar word weer gekenmerk deur 'n hoë blomintensiteit en daaropvolgende verswakte lootgroei. Soms is dit nie die blomintensiteit nie, maar eerder 'n swaar blomval en/of vrugval wat aanleiding gee tot 'n aan- of af-jaar, wat dan lei tot alternerende drag.

Sodra alternerende drag geïnisieer is, word dit vererger deur die effek van die oeslading op endogene boomfaktore, wat uiteindelik blomintensiteit beïnvloed. Die swaar vruglading van 'n aan-jaar verminder terugkeer-blomme die opvolgende lente, terwyl die ligte vruglading van 'n af-jaar lei tot intense terugkeer-blomme.

Alternerende drag lei tot aansienlike ekonomiese gevolge in talle belangrike boomgewasse, insluitend sitrus.

Gedurende die lae-opbrengs af-jaar by sitrus, is 'n redelike hoeveelheid van die vrugte gewoonlik te groot. Hierteenoor het die meeste vrugte wat in 'n aan-jaar geproduseer word 'n klein vruggrootte, wat ook 'n lae kommersiële waarde het.

Alternerende drag kan wel verhoed word deur die optimalisering van koolhidraatbronne na 'n oes. >>

Impak van koolhidrate op alternerende drag

Indien koolhidraatvlakke laag is voor blominduksie, kan bestuurspraktyke (a – d hier onder) toegepas word om reserves aan te vul of op te bou, of om te verhoed dat reserves verder verlaag - en so alternerende drag teen werk.

a. Snoeibeplanning. Beplan tydig die intensiteit en periode van die herfs- en winter-snoei. Indien koolhidraatvlakke in blare laag is sal 'n strawwe snoei nie aanbeveel word nie. Stel eerder die snoei uit aangesien 'n strawwe snoei die reserves verder sal uitput.

b. Beplanning van pluk. Indien koolhidraatvlakke laag is sal 'n vroeër pluk verhoed dat koolhidraatreserwes verder uitgeput word. Vrugte wat langer aan die boom bly hou aan respireer en gebruik dus verdere reserves.



CITRUS-TO-GROW LMO™
@ 15 kg/ha (500 g/100 L).

c. Bemesting. Mineraal-blaarontledings en koolhidraat-blaarontledings kan saam gebruik word om aanpassings tot die bemestingsprogram te maak. Vir fotosintese (aldus suiker- en styselproduksie) om optimaal plaas te vind, moet die plant genoegsame voedingstowwe hê om hierdie prosesse voldoende te ondersteun.

d. Ringelering. Hierdie praktyk kan toegepas word waar lae koolhidraatvlakke oorvleuel met 'n hoë oeslading, sodat meer koolhidrate bo die ringeleringswond kan akkumuleer. Hierdie praktyk moet egter nie toegepas word as die koolhidraatvlakke in wortels laag is nie. 'n Verdere afname in koolhidraat-translokasie na die wortels kan die wortels meer vatbaar maak vir grondpatogene.

Energiebespuitings op sitrus vanaf vorige bladsy

Kenmerke van 'n goeie energiespuit

'n Energiespuit toegedien in Maart verskaf noodsaaklike voedingselemente en biostimulante in die regte verhoudings aan die boom, vir optimale blominsiasie.

Die opname-persentasie van 'n element in die boom is ook belangrik. Om hierdie rede het Agri Technovation produkte geformuleer wat, deur die toediening daarvan op blare, die opname van kritiese elemente kan verhoog. Die produkte is spesifiek só geformuleer dat die elemente optimaal in die floëem getranslokeer kan word. Die kombinasie van CITRUS-TO-GROW LMO™, ZINC-TO-PERFORM™ en TRY ME™ is hoog in fosfor (P), magnesium (Mg) en sink (Zn).

Die drie produkte word as 'n mengsel gespuit net voor en gedurende die blominsiasie-periode as energie- en mineraalvoeding. In die noorde van Suid-Afrika en in die Noord-Kaap word hierdie produk-kombinasie vanaf middel-Maart tot einde April gespuit.



ZINC-TO-PERFORM™

@ 4.5 L/ha (100 ml/100 L).

TRY ME™

@ 4.5 L/ha (150 ml/100 L).

In die suide van Suid-Afrika word gespuit vanaf begin April tot middel-Mei. Tydens die blominsiasie-periode word daar reeds bepaal hoeveel blomme geïniseer word vir die opeenvolgende jaar se produksie. Die boom blom dan in Augustus/September.

TRY ME™ is 'n natuurlike biostimulant wat poliamien-sintese stimuleer vir aktiewe seldeling en vrugset verbeter. Poliamiene staan bekend as groei-aktiveerders wat die tempo van seldeling verhoog en proteïensintese, kieming, blom en vrugset aanspoor.

Dit is ook 'n anti-stres molekule, waar dit osmotiese spanning (wat die gevolg kan wees van 'n kalium-tekort), verminder. Dit inhibeer ook die produksie van etileen, wat membraan-beskadiging vertraag.

BRINGING HOPE

Home garden seed pack

AgriCultSURE food for good



Laeveld Agrochem and AgriCultSURE invite you to change lives. The seed pack is created to produce food and reduce hunger, but also to create jobs and agripreneurs.

One seed pack can produce up to about 100 kg vegetables on 15 m² of land size and provides quality nutrients as a supplement for a family of 6 for 6 weeks.

REQUIRED FOR EACH SEED PACK

3 m x 5 m land.
Water for irrigation.
A smart farmer's attitude.

CONTENTS OF EACH SEED PACK

- 8 Vegetable varieties (seasonal).
- Illustrated instruction manual.
- Fertiliser, soil health enhancement products.
- Integrated pest management products.
- Utensils to measure plant spacing.

Delivery excluded.

R259
per pack



WINTER PACK

Onions, cabbage, and spinach.
Bonus: Kale, radish, beetroot, carrots and turnips.

When to plant:
Feb/Mar/Apr.
Warmer areas:
Feb/Mar/
Apr/May.



SUMMER PACK

Baby marrows, green beans, and spinach.
Bonus: Tomatoes, kale, leaf cabbage, butternut, and grey skin pumpkin.

When to plant:
Oct/Nov/Dec/Jan.
Warmer areas:
Sep/Oct/Nov/
Dec/Jan/Feb.

Table 1: Voorbeeld van 'n energie- en minerale-spuitprogram vir optimale blominsiasie.

TYD VAN TOEDIENING	DOEL	PRODUK	DOSIS/100 LITER WATER
Na-oes (Maart/April)	Verhoog energie en bevat makro- en gecheleerde mikro-elemente. Stimuleer blominsiasie en help om die boom te beskerm teen stres. Hierdie kombinasie help met die voorkoming van alternerende drag.	CITRUS-TO-GROW LMO™	500 g (15 kg/ha)
	Organiese-gebaseerde voedingstof-oplossing, hoog in P en ander makro- en mikro-elemente. Bevat ook natuurlike groeihormone wat die poliamienvlakke in die boom verhoog en die boom se stresvlakke verlaag tydens die blominsiasie-periode.	TRY ME™	150 ml (4.5 L/ha)
	Geformuleer met organiese chelate vir effektiewe en vinnige opname van sink deur die plant.	ZINC PLOEM™	100 ml (4.5 L/ha)

CGA, 2022 industry statistics (2021). Citrus Growers Association of South Africa. Available at: [http://c1e39d912d21c91d-ce811d6da9929ae8.cdn.ilink247.com/ClientFiles/cga/CitrusGrowersAssociation/Company/Documents/2022%20Industry%20Statistics%20Booklet%20\(Updated%2026_09_22\)_compressed.pdf](http://c1e39d912d21c91d-ce811d6da9929ae8.cdn.ilink247.com/ClientFiles/cga/CitrusGrowersAssociation/Company/Documents/2022%20Industry%20Statistics%20Booklet%20(Updated%2026_09_22)_compressed.pdf) (Accessed: January 19, 2023).

As seen on
niche FARMERS
TV Series

View online:
The Niche Farmers episode
featuring the seed packs.
www.nichefarmers.com



Veggies from
one seed pack!



ORDER OR DONATE: Tel: 060 458 8483 www.laeveld.co.za/seedpacks

Breaking the life cycle: insect growth regulators

Minute insect, major pest! One ant is not much of an enemy, but oh how a colony can rampage your kitchen! Insects are small and almost insignificant, but their power lies in numbers and together they are difficult to beat. This is no easy task and a full arsenal of insecticides is required to win the battle. The enemy in your kitchen has adapted to survive (or rather thrive) and can reproduce at an alarming rate.

Population growth

